OOSTELIKE SINODE

*"Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes." 1 Joh. 4:9-10*

## VANUIT DIE SINODEHUIS

Lydenstyd is anders as die ander feestye van die kerk. Dis swaarder. Dis nie so vrolik soos Kersfees nie. Dis nie Koninkrykstyd met al die lekker nadink oor die kerk en haar rol in die koninkryk van God nie.

Lydenstyd vra stilword. Dit vereis diepte in ons nadenke. Dit laat ons met verwondering oor God se liefde vir sondaars. En dis nodig...

Mag jou lydenstyd 'n tyd wees van verdieping en insig en afgooi van wat verkeerd en onnodig is.

Geseënde Paastyd!
**Francois Retief**

# GEMEENTES EN LERAARS

**Frans de Beer** van **Springbokvlakte** is na **Volksrust** beroep.

**Jim de Villiers** van **Witbank** emeriteer op 30 April met ‘n verdere 3 jaar vastetermyn kontrak.

**Pieter Malherbe** van **Barberton** emeriteer op 31 Maart met ‘n verlengde termyn tot Desember 2024.

**Stephan Weyers** (emeritus) is by **Morgenzon** as vastetermynleraar aangestel.

# AFLOSLERAARS

Dankie vir leraars en emeriti wat aangemeld het! Die volgende persone is tans vir erediens-beurte beskikbaar:

**Ronnie Stanton** (Emeritus & Bedryfsbestuurder, Pretoria Garsfontein)
012 365 1528 | bestuur@nggars.org.za
**Michiel van der Merwe** (Emeritus, Pretoria)
082 462 3529 | michielvandermerwe@gmail.com
**Johan Taute** (Emeritus Lux Mundi)
083 608 4111 | jtaute@luxmundi.org.za
**Dion van Dyk** (Emeritus Pretoria)
072 317 0407 | dionvdyk@mweb.co.za
**Delanie Bezuidenhout** (Diensleraar Elarduspark)
079 520 2559 | delaniebezuidenhout@gmail.com
**Hancke van Blerk** (Leraar Piet Retief)
079 872 4829 | hanckevb@gmail.com

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste in ons kleiner gemeentes of waar vakatures bestaan, te lei, is welkom om hulle besonderhede aan Francois Retief by die Sinodehuis te stuur.

---

# SO HELP ONS GEMEENTES

Dit is vir die Oostelike Sinode ‘n voorreg om te kan help. Hiermee ‘n uittreksel uit ‘n brief vanaf NG Krielpark Gemeente:

*"Graag wil ons ons hartlike dank uitspreek teenoor die Oostelike Sinode vir hul besoek aan ons gemeente waartydens konstruktief raad gegee is oor ondermeer: kontrakte, verlof, kantooradministrasie en hoofsaaklik die finansiële bestuur van die gemeentefondse. Die raad oor hoe om gemeente-uitgawes te besnoei was van groot hulp en daar is reeds van die maatreëls, soos aanbeveel, deur die gemeenteraad in plek gestel. Dit is vir ons van besondere betekenis dat die Oostelike Sinode ook met kleiner plattelandse gemeentes bemoeienis maak “*

IN PAS
*met die lewende God*

# DAGBOEK SOLANK

## IN PAS LEER GEMEENSKAP

### 22-23 MEI, Lux Mundi gemeente (Pretoria)

Vir predikante en lidmate.
Leer saam om IN PAS met God te leef in jou gemeente.

## RED 'N PLAAS, RED 'N BOER GEMEENSKAP CAMINO

### Gee jou kreatiwiteit vleuels vir Red 'n Plaas Red 'n Gemeenskap Camino!

Die Sinode van die NG Kerk Noord-Kaapland in samewerking met Agri-Noordkaap, ondersteun sedert 2019 boere en landelike gemeenskappe in hierdie streek wat deur rampe soos veldbrande, sprinkaanplae en uitmergelende droogtes geteister word.

Hierdie vennote het 'n rampfonds, bekend as die Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap Rampfonds, gestig om pastorale en fisiese hulp aan hierdie gemeenskappe, in tye van nood, te verskaf. Op hierdie wyse is hulpverlening van meer as R13 miljoen in die afgelope vier jaar aan die gemeenskappe gelewer.

Die vlagskipprojek om fondse in te samel vir hierdie rampfonds is die Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap Camino wat vanjaar tussen **6 en 12 April 2024** in die Victoria-Wes omgewing plaasvind. Een honderd stappers word genooi om 139km binne sewe dae te stap.

Ons nooi graag gemeentes binne die verskillende sinodale streke om op die volgende maniere deel van hierdie projek te word :

- Gee asb inligting rakende die projek deur aan kerkrade en gemeenteleiers.
- Registreer en kom stap self die roete terwyl mense jou deelname finansieël ondersteun. So kan jy 'n positiewe impak maak waar dit regtig nodig is. Skryf in op die webwerf van www.tankwacamino.com/caritas-red-n-plaas-camino
- Word 'n ambassadeur vir die projek. Jy hoef nie te stap om te help nie – jy kan ook mense in jou omgewing mobiliseer om virtueel deel te neem.
- Virtuele deelname gee enige groepe soos verenigings, klubs, skole, mense wat saam draf, fietsryers wat aan wedrenne deelneem, die VCSV by skole, jeuggroepe, ouetehuise en verskillende belangegroepe, die geleentheid om net daar waar hulle bly, werk, sport en hulle stokperdjies beoefen, of dit in Amanzimtoti of Knysna is, inisiatief te neem om die projek te ondersteun. So het oom Jannie Roodt (92) verlede jaar met sy elektroniese rystoel in 6 dae 'n afstand van 166.6 km afgelê en R30 000 ingesamel deur 504 keer rondom die Gereformeerde kerkgebou in Koster te ry.
- Kry 'n borgvorm by Kobus van Tonder en gee jou kreatiwiteit vleuels!

*Vir meer inligting gaan op Facebook of maak direk kontak met die projekkoördineerders.*

**Lees meer oor wie ons is, wat ons doen en waaroor ons droom.**
www.facebook.com/rednplaasredngemeenskap

**Projekkoördineerders:**

**ds Kobus van Tonder**
+27 76 530 4028
kobusvt04@gmail.com

**ds Deon van der Berg**
+27 83 448 3791
deon@ngstella.co.za

**Me. Janine Byleveld**
+27 73 291 0557
janine@agrink.co.za

# BLARE VAN BLYDSKAP

Kaartjies & Inligting

Voetspore Gemeenskapskerk

## BERADINGSKURSUS

Handboek opsioneel te koop @ R200 (plus R120 koerier koste)
Vir persone wat nie die betrokke kursus kan bywoon nie, kan 'n skakel gestuur word sodat die kursus op 'n latere stadium gevolg kan word.
Navrae: 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Om te registreer

---

## ONDERSTEUN BEURSE VIR TEOLOGIESE STUDENTE

**Teologiese Opleidingstrust Pretoria is 'n geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie (soortgelyk aan die Bybelgenootskap) asook 'n geregistreerde Nie-Winsgewende organisasie.**

Skenkings kan eenmalig geskied (voor einde Februarie om vir hierdie belastingjaar te geld) of dit kan maandeliks geskenk word. Elke skenking is belasting aftrekbaar (Art 18 A sertifikaat) Help bou aan 'n doeltreffende kerk deur dit moontlik te maak om goed toegeruste en entoesiastiese predikante op te lei. Teologiese studie is lank, duur en omvattend – jou bydrae kan 'n verskil maak!

Kontak dr Flip du Toit - Tel 062 119 0255 / 082 781 7076 of admin@teotrust.org
Ds Kobus Sandenbergh - Tel : 082 451 1671

# BYDRAE TOT GESAMENTLIKE BEDIENING (BGB)

Neem kennis dat gemeentes wat nie hul BGB vorms teen16 Maart ingestuur het nie, se rekeninge teen die laaste beskikbare finansiële inligting bereken sal word. Dit kan ‘n groot impak op rekeninge hê wanneer die regte bedrae ontvang word.

Die vorm vir Bydraes tot Gesamentlike Bediening was reeds gesirkuleer maar is ook op ons webblad onder finansies beskikbaar.

Cathy Odendaal is vanaf 18-23 Maart met verlof met geen toegang tot e-posse nie.

# SINODESITTING

Ons kuier as familie saam by Weesgerus vanaf 7 – 10 Oktober 2024.
Volledige inligting volg – hou solank hierdie datums oop.

# VAKATURE: UITVOERENDE AMPTENAAR



# VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tussen **20 Maart en 8 April** verjaar.

**PREDIKANTE**

20 Maart - Jim De Villiers
21 Maart - Arline Meyer
21 Maart - Johan Taute
23 Maart - Pieter Malherbe
24 Maart - Dieter De Bruin
27 Maart - Willem Badenhorst
30 Maart - Meyer Van Wyk
06 April - Fred Wilson

**EMERITI**
20 Maart - Johnnie Grobler
23 Maart - Francois Retief
23 Maart - Giepie Peens
30 Maart - Daan Botha
01 April - Daan Dekker
06 April - Attie van Niekerk
06 April - Lemmer Venter
07 April - André Kok
07 April - Kobus van Zyl

**GEMEENTES**
20 Maart 1964 - Nelspruit-Suid (60)
01 April 1986 - Krugerwildtuin (38)
01 April 1988 - Lux Mundi Lux Mundi (36)

Ons volgende Familienuus is weer na die vakansie.

**Uitvoerende Amptenaar**
uitamp@sinoos.co.za

Onthou om die inligting op ons webwerf te benut. Die nuutste inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer is beskikbaar.

Ons webtuiste

OOSTELIKE SINODE